kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Alternatiewe op Herderskap

Skriflesing: Johannes 10:11-18 (1953)

11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir
die skape.
12 Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie
die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat
die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die
skape uitmekaar.
13 En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir
die skape omgee nie.
14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my
eie geken.
15 Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek
lê my lewe af vir die skape.
16 Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort
nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en
dit sal wees een kudde, een herder.
17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om
dit weer te neem.
18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit
Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit
weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

◆◆◆

This passage develops the Good Shepherd theme and applies it to Jesus. As such it represents the post-Easter reflections and insights of the Johannine communities, rather than the words of Jesus himself.

It is perhaps ironic that some of Jesus' best known teachings (such as we have in these verses), derive not from the lips of Jesus but from the hearts of his followers as they reflected on Jesus' own actions.

- Jesus did not claim to be the divine/good shepherd; he simply gave himself to others.
- Jesus did not contrast himself to the hired hand; he simply acted differently.
- Jesus did not his talk up his intimacy with God; he simply lived as one intimate with God.
- Jesus did not describe his death as bringing life to others; he simply embraced death as God's will for him at that time.

The description of Jesus as having the power both to lay down and to take up his own life is unique in the NT. Elsewhere the resurrection is said to be what God does to/for Jesus. Jesus is "raised" rather than rising by his own powers. This reflection on the resurrection of Jesus is perhaps the reason for this passage being used as an Easter gospel.

The promotion of Jesus to an active role in his own resurrection reminds us that while GJohn preserves some authentic insights into the character and mission of Jesus, it also mortgages his humanity to a growing sense of divinity. That tendency may have led in part to the crisis over the physical humanity of Jesus within the Johannine circles. In the letters of John we see a community that has realized the need to reassert the physical reality of Jesus as a flesh and blood figure.

One of the flash points in contemporary Christianity concerns the significance of the historical Jesus for Christian faith. In popular Christian belief, Jesus is often simply equated with God and his historical humanity deemed to be of little significance.

http://www.jesusdatabase.org/index.php?title=Easter_4B

Broodjies vir die pad

Ek ry elke Sondag, op pad kerk toe en terug, by die Mooiberge aarbeiplaas verby. Dié gedig laat my dink aan hoeveel perspektiewe daar op die werklikheid is.

Hottentots-Hollands

Selfvoldaan, 'n reënboog van kleur,
staan die linies voëlverskrikkers,
maar ongeërg deur die beddings
wei swerms Europese-spreeus.
Tonge klap soos eens die sweep
as arbeiders in die aarbeiland
van vroegdag af moet bontstaan,
om den brode voort moet sweet.
Vir opkyk is daar weinig tyd
en die diep sugte gesug
is beslis nie oor die uitsig nie.
Slegs die verbyganger beleef
waarom hierdie plek
Mooiberge heet.

(c) Hennie Nortjé / 2015

Hierdie gedig moontlik ook: Vir my vra dit ook oor hoe ons dinge waarneem en betekenis gee. (Let op die woorde "…sin kon gee deur hoe sy kyk", asook "…op die menslike mistiek van menswees".)

Binneblik

Met skemer en vroeg soggens kan sy glo,
deur stof en mis, ougoud en perlemoen,
deur die gelaagde strale gloed en lig,
dat daar 'n waardigheid in dinge is,

dat die verhale deursypel en saam
vloei tot ’n gety in tydelose tyd.

Die ongenade van die middeldag
laat elke dorp so weerloos oop en bloot,
verkwansel aan verglyding en verweer
voor elke blik wat ongenaakbaar kyk.
Hoe sou die ou verhale nuut kon word
as die welbehae uit die oë wyk?

Radeloos oor ’n ramp wat ruim beskou
geen ware ramp is nie, staan sy nogtans
gans leeg, geluideloos verlam, en wens
vir nuwe oë, vir ’n ander blik,
omdat die kyk wat tot herkenning lei,
meer verg as wat twee oë registreer.

Daar is ’n buitelyn en ’n fatsoen,
’n vorm, formaat en die kontoere,
daar is die plasing en die samehang,
maar fynkyk wys die breuke in die beeld:
die koue onderstroom spoel sterk en kalf
belangeloos bekende walle weg.

Sou sy dalk tog met hierdie onpaar oë
in streke van groot onwaarskynlikheid
’n buitetydse duursaamheid kon saamraap?
Sou sy nagblind die donker in kon roep
dat uit skakeringe van swart ’n dorp asof
voor skoongewaste vensters sou kom staan?

Sou sy aan rommelwinkels van vreemdes
wat taalloos kommunikeer, aan klinies
gekloonde koopsentrums, aan vergane
slaggatbedolwe strate, aan sieklik
stowwerige bome en slordige
sypaadjies sin kon gee deur hoe sy kyk?

Die huise meer as bousels bloot van steen,
omdat die mure numineuse aarde is,
die vensters en die deure oopgeskreef
op die menslikste mistiek van menswees
en die strate nuutherstelde roetes
wat lewens met lewens ryklik verbind?

Al hoe meer, al hoe meer lê al dieper
ágter die oë, lewensonthalwe.
Op die onpaar oë aangewese
vir die binneblik om sagter te kyk,
kies sy die goue ure van min lig
en die genadige blou van die nag.

(c) Heilna du Plooy / 2015

http://versindaba.co.za

Brood vir die pad

Want hulle was veels te bang, sien

Dirkie Smit

Die stilte sou net ’n paar oomblikke geduur het, skryf Frank Kermode. Hy was ’n gevierde Britse literator (eintlik sir Frank Kermode van Cambridge, later ook Harvard en Columbia) – en dis sekerlik dié dat hy iets in Markus se Evangelie raak lees wat vele uitleggers nooit kon snap nie. Dis immers letterkundiges se werk, soms hul gawe, dat hulle vaardige lesers is, met ’n aanvoeling vir hoe tekste werk, vir wat woorde dóén. Hoewel ’n mens begryp waarom ander dit nie so maklik kon sien nie, want die einde van Markus is moeilik, vréémd. Die kerk sou van vroeg af daarmee sukkel. Dié Evangelie het ’n streep wat moeilik is om te verstaan – en dan kom die einde ook nog onverwags, en so ánders as wat die gemeente sou verwag.

In Markus is Jesus – kan ’n mens sê – meer verborge as bekend, meer áfwesig as áánwesig. En die dissipels lyk meer na mislukkings as navolgers, meer vol misverstand as insig, meer aan’t stilbly as getuig. Dis byna asof die lesers sélf worstel met hul eie vrae en vrese – en dan kom dié skielike en vreemde einde boonop as finale skok. Ten minste, so lyk dit, tot Kermode ons help om te sien wat aangaan, in The Genesis of Secrecy (’n paar jaar ná sy bekende werk The Sense of an Ending). Markus hou oorspronklik waarskynlik op by 16:8, waar staan dat die vroue – wat by die leë graf die boodskap hoor dat Jesus opgewek is en die opdrag kry om dit vir die dissipels te gaan sê – wegvlug sonder om vir enigeen te vertel, “want hulle was te bang”. Die res (verse 9-20) is bes moontlik later bygevoeg, juis omdat die Kerk nie met dié teleurstel-lende einde van die bevreesde vroue kon lewe nie, en eerder iets wou hê vol oorwinning.

Letterlik is die “want” trouens die heel laaste woord in Grieks. Ons moet dit eerder vertaal, sê Kermode, met iets soos “hulle het vir niemand iets vertel nie, hulle was te bevrees, sien”. En dis die leidraad. Ons kan ons die eerste hoorders voorstel, sê hy. Bang, eensaam, vol vrae, vol wonder oor waar die verrese Jesus dan is en hoe hulle hom kan ervaar en of hy werklik met hulle is, soos belowe. En dan hoor hulle dié Evangelie, destyds as een aaneenlopende verhaal oor-vertel tydens die samekomste – byna soos toneelstukke, vandag. Hulle hoor weer van die vrae en geheime – nes in hul harte. Hulle hoor weer van die dissipels – ook maar swak, mislukkings, nes hulleself. Hulle hoor weer van die vroue – wat nogal die leë graf sien en die beloftes hoor, maar desondanks óók maar vrees en stilbly, nes hulleself. Ons kan ons dit net vóórstel, sê Kermode. En dán – ná die laaste “want hulle was bevrees, sien”, dalk oomblikke van stilte, ingehoue asem, stomme ver-basing, en skielik spontane, jubelende applous, oor-borrelende verligting, uitbars van emosie van dank! Opwinding, vrolikheid, gelag! Die dissipels, die vroue, almal dus maar nés ons, ons is dus nié so alleen as wat dit voel nie, nié so die uitsondering as wat ons soms dink nie, hulle was óók al só! – watter troos, watter verhaal tog, dié goeie nuus!

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-18-djs-want-hulle-was-veels-te-bang-sien

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877